





# Liewe Mamma

Esther Verhoef

LAPA Uitgewers  
Pretoria  
[www.lapa.co.za](http://www.lapa.co.za)

Oorspronklik in Nederlands uitgegee as *Lieve Mama* deur Uitgeverij  
Prometheus, Amsterdam in 2015

© Teks: Esther Verhoef 2020  
© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.  
Bosmanstraat 380, Pretoria  
Tel: 012 401 0700  
E-pos: lapa@lapa.co.za

Geset in 11.5 op 15.8 pt Leawood  
deur LAPA Uitgewers  
Vertaal deur: Joanita Fourie  
Teksredakteur: Jeanette Ferreira  
Omslagontwerp: LAPA Uitgewers  
Skrywersfoto op agterblad: Noortje Dalhuijsen  
Gedruk en gebind deur Novus Print,  
'n Novus Holdings-maatskappy

Eerste uitgawe 2020

ISBN 978-0-7993-9918-9 (gedrukte boek)  
ISBN 978-0-7993-9919-6 (ePub)

**N**ederlands  
**letterenfonds**  
**dutch foundation**  
**for literature**

LAPA Uitgewers gee met dankbaarheid erkening aan die Nederlands  
Letterenfonds vir hul ondersteuning.

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige  
manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die  
kopiëreghouers nie.

## *Liewe Mamma*

*Elke oggend wanneer ek wakker word, geniet ek die geur van die lakens, die najaarson wat deur die dakvenster skyn en die gerusstellende voëlgeluide wat van buite af kom. Ek hoor hoe die kinders in die gang beweeg en in die badkamer is daar die gekibbel van kinders wat gereed maak vir skool.*

*Ek rek my uit, baai in die heerlikheid daarvan, en dan oorval die neerdrukkende donkerte wat my sorgeloosheid met alle geweld wil stukkend slaan my weer. 'n Stemmetjie in my kop fluister: Jy mag niks geniet nie, want jy het iets verskrikliks aangevang.*

*Dikwels slaag ek wel daarin om myself te oortuig dit is net 'n klein probleempie, iets wat tydelik verskriklik sal voel maar beslis nie vir altyd sal aanhou nie. Ek is al taamlik goed daarmee, selfs miskien bedrewe. Ek kry dit ook toenemend reg om myself te oortuig dat hierdie aaklige herinneringe niks met my te doen het nie, byna asof ek 'n getuie was van 'n ernstige motorongeluk of 'n rooftog in 'n winkel. In-grypend, hartverskeurend vir iemand anders, maar nie vir my nie.*

*Ek hou die meeste van die laaste gedagte.*

*Alles lyk dan ook asof dit soos gewoonlik aangaan en asof niks gebeur het nie: die huishouding, skool en werk. Maar daardie pikswart herinneringe is in my siel geanker en ek dra dit met my saam, onsigbaar vir die buitewêreld.*



# DRIE WEKE VROEËR





VRYDAG



Brian vat Ralf se laptop af en sit dit op sy skoot. Hy maak asof hy sy vriend se flouerige beswaar nie raaksien nie – of hom nie daaraan steur nie.

Ralf is gewoon daaraan dat Brian hom ignoreer. Dit is trouens nutteloos om hom teë te gaan wanneer hy so pas dwelms gebruik het. Hy vat 'n sluk van sy Red Bull en laat rus sy kop teen die verslete kussings van die bank. Kyk op na die plafon van die buitegeboutjie, waar die spinnerakke soos verflenterde stukkies materiaal om die buislig gevorm het. Die saamgeperste plafonplate lyk soos 'n bol ineengestrengelde wurms. Hy knyp sy oë toe, want hy het 'n helse hoofpyn – nie net van die lang nag nie, veel eerder sy ma se gekerm. Sy het hom verlede nag seker dertig keer gebel en tallose boodskap-pies gestuur. Stalkster. Hy het dit eers vanoggend gesien – sy telefoon was deur die nag af.

Teen sesuur het hy doodmoeg by die huis gekom. Voor hy sy kamer en warm bed kon bereik, het sy ma hom ingewag. Sy het in die kombuis gesit met sakke onder haar bloedbelope oë en 'n halfleë wynbottel op die tafel. Nou is hy onder huisarres, gehok. Asof hy nog 'n baba is!

Hy is verdomp al agtien en hy het 'n kar.

Hoekom meng sy so in sy lewe in?

Hy kan maar netsowel op sy eie gaan woon; êrens in Rotter-

dam of Den Haag 'n woonstel of huis saam met 'n paar vriende huur. *As hy net die geld daarvoor gehad het.*

Sy ma het voor hom kom staan en onophoudelik op hom geskreeu; byna nie 'n oomblik opgehou sodat sy kon asemhaal nie. Sy pa het op die lawaai afgekom maar hom soos gewoonlik nie daaraan gesteur nie.

“Jou ma ken jou die beste,” het hy gesê en werk toe vertrek.

Sy ma het geen idee wat in sy lewe aangaan nie. Hy het seker al 'n duisend keer snags uit die huis gesluip en saam met Brian of ander vriende Den Haag of Antwerpen toe gery waar hy dinge ervaar het waarvan sy net vaagweg kennis neem op die TV-programme waarna sy soos 'n zombie sit en kyk. Nee, van die dinge wat hy ervaar en doen wanneer hy by sy vriende is, het sy nie die vaagste benul nie. Tog is hy seker sy weet van alles wat in sy lewe aangaan.

Boonop kan sy Brian nie voor haar oë verdra nie.

“Hoekom soek jy nie vir jou vriende van jou eie ouderdom nie?” vra sy dikwels. Of: “Sy houding staan my nie aan nie.” Dan haal hy maar net sy skouers op. Sy hoef mos nie met Brian saam te lewe nie?

Party van sy vriende het hom wel teen Brian gewaarsku, maar hy dink hulle is waarskynlik net bang vir hom.

Jammer vir hulle. Of hulle nou daarvan hou of nie, Brian is sy vriend. Hy is oukei. Miskien nie vir almal nie, maar wel vir hom.

Allemansvriend is niemand se vriend.

## 2

“Dit ook nog.” Terwyl Helen haar fiets uit die fietsloods trek, voel sy die eerste reëndruppels. Sy slaan haar kraag op en ry kop omlaag langs die valboomhekke verby na die hoofpad toe. Dit was die hele dag sonnig en droog, maar nou dat sy klaar

gewerk het, is dit asof 'n wolk oor die stad oopgeskeur het. Sy vloek binnensmonds toe sy 'n voetganger wat in die middel van die fietspad 'n sambreel oopmaak, net-net misry. Toe vul die reuk van nat teer en klam grond haar neusgate. Sy dink aan die tatoe wat sy 'n paar maande gelede op haar voorarm laat aanbring het. Baie subtiel. Van ver af lyk dit soos 'n grys streep, maar as jy nader kom, word die woorde duidelik leesbaar: *Tel jou seëninge*.

Daar is slegter dinge wat met jou kan gebeur as om nat te reën. Sy kry elke dag met veel erger dinge te doen. Die angstigtheid wat haar karakter begin domineer het nadat sy 'n ma geword het, word vererger deur die stryd wat sy ander mense elke dag voor haar oë sien voer. Pasiënte word ingespuit, maak hulle oë toe en verdwyn – niemand weet waarheen nie. Wat oorbly, is 'n slap, willose liggaam waaruit die siekte gesny moet word. Soms is die operasie nie geslaagd nie; baie dikwels daal die persoon se bloeddruk gevaarlik laag, hou die hart op klop en kan geen middel of poging om die pasiënt te red, hom weer terugbring vanaf daardie plek waarheen hy gegaan het nie.

Die dood maak nie onderskeid nie. Nie wat jou ouderdom, geslag of ras betref nie. Die dood maak ook geen verskil tussen mooi, lelik, vet of maer mense nie. Hy neem wie hy wil sonder aansiens des persoons.

Dus slaak sy altyd 'n sug van verligting as haar dogters en seun heelhuids van die skool of van een of ander partytjie of geselligheid af tuis kom. Geen geluid is vir haar gerusstellender as wanneer die swaar houtvoor deur toegemaak word nie.

Helen neurie 'n liedjie van die Beatles wat op haar iPod is. Sy hou nie juis van die Beatles se musiek nie, behalwe hierdie een liedjie, wat haar ma voorheen altyd gesing het as sy haar wou opvrolik.

“Little darling, I feel that ice is slowly melting. Little darling, it seems like years since it's been clear. Here comes the sun. Here comes the sun and I say it's all right.”

Sy asem die vogtige lug diep in. Die bande van haar Batavus maak siggeluide op die fietspad. In die verte sien sy reeds die rand van die bos, die struike en bome langs die ou spoorlyn. Byna tuis.

### 3

Brian tik 'n adres op Google Maps in. Met vinnige, ongeduldige bewegings zoem hy in op die lugfoto. Die beeld vries bokant 'n vrystaande huis aan die buitenste rand van 'n woongebied. Dié het die grootste tuin van almal. Dit word deur 'n ligblou reghoek met sonstoele omring.

“Nice,” fluister Ralf.

“Kan ek jou iets sê?” Brian buig sy kop nader. Sy klein bruin ogies skitter – Brian se linkeroog is ietwat kleiner as sy regteroog. Die gevolg is dat hy altyd befoeterd en uitdagend lyk. “Weet jy dat die mense kontant in die huis het? Baie kontant?”

Ralf beweeg nie. Hy probeer sy gesig uitdrukkingloos hou. Hulle het al so dikwels hieroor gepraat: 'n manier om vinnig geld in die hande te kry. 'n Rooftog. Nie op 'n winkel of 'n besigheid waar daar oral kameras en dikwels agter die toonbank 'n vuurwapen is nie, maar by mense in hulle huis. By hulle is daar al daardie vinnige geld in die vorm van horlosies, goud, diamante en kontant wat hulle net kan gryp. As jy net weet waar om dit te gaan kry.

“Hoe sal jy dit weet?” Ralf probeer sluk, maar daar is 'n knop in sy keel wat dit onmoontlik maak.

“Oë en ore.” Brian draai terug na die skerm toe. Hy laat die lugfoto geleidelik uitzoem sodat 'n mens kan sien die huis is geleë in 'n doodloopstraat, deels omsom deur bosse en struike. “Perfek,” fluister hy.

## 4

De Wildenbergh was al byna honderd jaar oud toe daar aan die begin van die jare negentig 'n volledige woongebied langsaan gebou is. Daarom is hulle tuin ook groter as dié van die ander huise. Sy en Werner het net aan een kant bure: 'n kinderlose argitekegpaar met wie hulle min kontak het. Aan die ander kant en agter grens die tuin aan 'n woud, struike en slote. Daaragter is 'n dyk wat met populiere en struike begroei is waaroor daar eens ook 'n spoorlyn geloop het. Die motorpad wat nou oor die dyk loop, word skaars gebruik. Niemand kyk ooit in die tuin in nie. Daar is immers niks anders as groenigheid en vryheid om te sien nie. Om op so 'n plek te woon laat jou voel asof jy permanent met vakansie is.

Helen het dié voormalige rykmansboerdery geken. Sy het lank genoeg daarlangs fietsgery in die tyd toe die stede en dorpe in hierdie streek nog nie tot teen mekaar uitgebrei het nie. As kind het sy al gedink die huis is pragtig en indrukwekkend met sy groot, hoë vensters en die buitengewone voordeur, en haar bewondering vir die plek het nooit afgeneem nie. Toe dit sewe jaar gelede in die mark kom, het sy Werner vinnig ooreed om dit te koop. Thom en Sara was in graad vyf en ses, en Emma in graad twee. Hulle het dus grootgeword in die huis waaroor hulle ma in haar jeug gedagdream het.

Helen ry met haar fiets onder 'n digte, donker laning boomtoppe deur. Eike, populiere en berkebome wat al daar staan so lank as wat sy kan onthou. Anderkant die dyke verlaat sy die geplaveide pad en neem 'n uitgerode paadjie wat skuins afwaarts loop. Dis 'n smal sandspoor tussen die struike en die meentgrond van die munisipaliteit. Baie fietsryers van hulle woonbuurt gebruik dit in plaas van die hoofpad wat 'n paar honderd meter verder lê. Dit loop uit in 'n doodloopstraat; links daarvan staan volgroeide haselneut- en meidoringbome en aan die ander kant twee groot huise: Frank en Otto se strak wit villa

en 'n entjie verder De Wildenbergh – die naam van die huis is in mosaïek op die voorgewel verewig.

Helen stoot haar fiets by die oprit op en maak die hoë houthek tussen die huis en die garage oop.

Sy sit haar fiets onder die afdak op die terras. Thom en Emma se fietse staan reeds daar. Emma se skooltas lê nog steeds op die bagasierak by die handvatsels. Sugtend haal sy dit af en gaan via die agterdeur by die huis in.

In die opwaskamer lê Thom se skooltas op die vloer – ten minste het hy dit in die huis ingebring. Verderaan lê Emma se jas, drie en 'n halwe paar skoene, 'n bottel AA en 'n kosblik. Die TV in die kombuis is ingestel op Comedy Central en oor alles skel die blikkerige klank van musiek uit 'n slimfoon.

Helen verhef haar stem. “Hallo? Gaan julle nog hierdie spulletjie opruim?”

Geen reaksie.

Sy hang haar jas op en stap by die kombuis in. “Dis nie lekker om so by die huis te kom nie, dame en heer.” Sy sit Emma se skooltas met groot gebaar op die eettafel neer. “Dit was nog op jou fiets.”

Emma kyk van haar skootrekenaar af op. Haar oë is pikswart omlyn. “Was daar vandag enige sterfgevälle in die hospitaal?”

“Waarskynlik, maar nie in die afdeling waar ek werk nie.”

Emma draai terug na haar skerm toe. Sy het onlangs grimering begin gebruik, maar is nog nie bedrewe in die aanwending daarvan nie. Daar is klonte maskara op haar wimpers en donker strepe onder haar oë.

Helen wil iets daarvoor sê, maar besef betyds sy moet haar mond hou. Die lewe in 'n huis vol tieners is soos 'n wandeling deur 'n mynveld. “Waar is Thom?”

Emma haal haar skouers op.

“Het jy nie huiswerk nie?”

“Eers Maandag.” Emma se aandag is verdeel tussen haar



skootrekenaar en haar selfoon. Haar duim gly oor die gebarste skermpie.

Thom kom by die kombuis ingestap. "Haai, Ma," sê hy en sit sy arms om haar.

Helen soen hom op sy kroontjie en streel ongeërg oor sy rooi krulle, wat glad onder haar vingers voel. Haar vriendinne se seuns het byna oornag afsydig geword, maar Thom het sy liefdevolle self gebly, selfs al is hy reeds vyftien en moet hy al twee keer 'n week skeer.

"Sara het my laaier gesteel," sê Thom.

"Geléén," help Helen hom reg.

Thom staan 'n entjie weg van haar af. "As ek haar nie daarvoor vra nie, kry ek dit nie weer terug nie. Dit word steel genoem. En nou is sy seker weer by Jackie?"

Helen knik. Haar oudste dogter, wat hierdie somer sewentien geword het, het dadelik ná skool na haar beste vriendin toe gery en gaan daar kuier en oornag. Helen neem aan dat sy Sara weer Sondag sal sien; vir haar is De Wildenbergh 'n tipe alles-in-een-oord. Volgende jaar gaan die kind in Leiden studeer en dan sal sy net naweke huis toe kom om haar wasgoed te laat doen. Helen wil nie te veel daaraan dink nie.

"Mamma, ek wil ook 'n tatoe hê," klink dit van agter die skootrekenaar op.

Helen kyk verbaas op.

Emma streel oor haar regtersy. "Hier wil ek dit hê. 'n Tak met pienk en rooi blomme."

"Goeie idee."

Blydskap en ongeloof wissel mekaar op Emma se gesig af. "O, Mamma, régtig?"

"Ja, hoekom nie? Ek sou sê jy moet dan sommer terselfder tyd 'n slang in jou nek laat doen, heeltemal tot hier ..." Sy trek met haar wysvinger 'n streep vanaf Emma se borsgleufie tot agter haar oor.

Emma se gesig val. "Moenie simpel wees nie, Mamma."

“Jy het daarmee begin. Ons kan daarvoor praat as jy twintig is.”

Emma skuif die skootrekenaar van haar af weg. “En wat dan van Sara? Sy gaan môre ’n tatoe kry.”

Helen bly vasgenaël staan waar sy is. Emma en Sara verskil wel vier jaar van mekaar maar hulle kom nietemin goed oor die weg.

“Moenie so na my kyk nie,” sê Emma dapper. “Sy gaan môre saam met Jackie Antwerpen toe en dan gaan albei dieselfde tatoe kry.”

“Dis selfs beter.” Helen haal haar telefoon uit haar handsak en druk Sara se nommer.

“Mamma het tog ook ’n tatoeëermerk.”

“Ek is veertig, Emma. Jou suster is sewentien.”

“Die nommer wat u geskakel het, is nie beskikbaar nie ...”

Teen haar beterwete probeer Helen nog ’n keer om Sara te bel. Vies verbreek sy die verbinding en stuur vir Sara ’n boodskap. Net om seker te maak dit kom by haar dogter uit, stuur sy vir Jackie ook een: *Kan jy vir Sara vra om my vanaand te bel? Tatta, Helen.*

Helen masseer haar neusbrug en maak haar oë toe. Sy het so uitgesien na vanaand. ’n Skuimbad, ’n glas goeie wyn. Rus. Sy sou graag die aand saam met Werner wou deurbring, maar Vrydagaande werk hy gewoonlik laat of gaan hy ná ete terug werk toe.

Thom kyk na die stoof. “En nou, Mamma? Wat gaan ons actually eet? Dis al amper vyfuur.”

## 5

“Sien jou vanaand.” Brian klop hom op die skouer en kyk deur die skuur se vuil venstertjie uit. Hy knyp sy een oog op ’n nog kleiner skrefie.

Eintlik, dink Ralf, is daar ’n skroef in Brian se kop los. Tog het hy altyd aantreklike vriendinne. Sy jongste verowering, Naomi, is een van die mooiste meisies wat hy ken. Liefvallig. Groot, donker oë. Reguit goudbruin hare. Sy is so mooi dat hy skoon selfbewus raak as sy naby hom kom. Dit maak hom verleë. Dus maak hy maar asof Naomi hom glad nie interesseer nie.

“Hulle is nog nie daar nie,” sê Ralf. “My pa kom eers halfses huis toe en my ma nog later.” Hy maak die vertrekke se deur oop en stap uit in die agtertuin. Ralf se pa noem dit “die plek”. Die woord pas goed by wat dit is: vyftien vierkante meter gruiesteëls met ’n heining rondom.

“Watse nonsens het jy nou-nou gepraat dat jy gehok is?”

Ralf skud sy kop. “O, dis niks.”

Brian kyk hom deurdringend aan. “Is jy seker? Ek moet op jou kan reken, nè? Sonder jou kan ek dit nie doen nie.”

“Ontspan tog net. Niks sal verkeerd loop nie. Ek kom laai jou kwart oor sewe op.”

## 6

“Sal Mamma ons nou dadelik ná die tennis toe kan vat? Dit reën.”

Helen kyk buitetoe. Die nattigheid glinster op die gladde teëls en die gesnoeide struikheininkie, maar die swembad se oppervlak is glad en stil. “Dit reën nou nie meer nie.”

“Maar ek wed Ma dit gaan later weer uitsak.”

Thom kyk swyend van agter sy skootrekenaar hoe sy suster die probleem benader.

“Mamma?” vervolg sy. “Van die reën gaan my hare vreeslik krul.”

Helen kyk woordeloos na Emma. Haar dogters het haar soort hare geërf. Sy weet hoeveel moeite dit is om haar blonde kroeshare in toom te hou. Net ’n paar reëndruppels is genoeg om ure se harde werk tot niet te maak. Sy maak haar mond oop om ja te sê, maar Werner spring haar voor.

“Dis nou genoeg van hierdie nonsens, Em. Julle moet maar met julle fietse ry. Julle ma is nie ’n taxibestuurder nie.”

“Mens sou dit nou nooit kon dink nie,” mompel Helen.

Werner sit aan tafel en draai sy bolyf na Emma toe. “Daar bestaan goed wat ’n mens reënbestande klere noem. Daarmee het ons ook vroeër jare skool toe of sportklub toe gegaan. Ons het oral heen fiets gery.”

“In die ou dae, ja,” brom Emma.

“Toe was die reën net so nat.”

Helen kyk ondersoekend na haar man. Hy kom nie baie dikwels so vir haar op nie. Toe die kinders nog klein was, was hy ’n goeie en aktiewe pa, maar noudat hulle eie willetjies begin kop uitsteek en ontwikkel het – en hulle opinies nie altyd outomaties met syne ooreenstem nie – het hy die opvoeding van die kinders al hoe meer aan haar oorgelaat. Miskien het dit ook met sy werk te doen. Om vier besige restaurante te bestuur is meer as ’n voltydse werk. Verbouings, PR en personeelwisseling: Sy kop is besig met veel meer as vroeër, dié dat hy minder speels en lighartig is.

*Is ons nie maar almal so nie?*

Helen se werk as verpleegkundige in die sorgeenheid het ook nie makliker geword nie. Protokol verander deurentyd en teen die tyd dat jy net mooi gewoon geraak het aan een situasie, is die volgende een al weer daar om by aan te pas. Dis asof alles die afgelope paar jaar in ’n stroomversnelling beland het,

ook by die huis. Dit is asof die kinders oornag van snoesige elfies met babavetjies verander het in guerrillasoldate met 'n onuitputlike veglus.

Sy vryf oor haar tatoe en sê vir haarself sy is lief vir haar werk, dat 'n voltydse loopbaan haar eie keuse was. Dit gaan baie goed met Werner se besighede. Die kinders is gesond. Sy ook. Sy woon op 'n droomplek in 'n droomhuis.

*Tel.*

*Jou.*

*Seëninge.*

## 7

“Dit is tyd,” sê Brian. Die plakker op die flap van sy pet glim in die maanlig wat deur die Volkswagen Polo se voorruit val.

Ralf kyk swygend voor hom uit. Hulle het die son van hier af sien ondergaan, 'n sanderige inham op die ou spoordyk. Hier van bo af het hulle 'n goeie uitsig op die huis, maar Ralf se Polo staan weggesteek in die struikgewas. Die matswart verf kamoefleer die kar ook uitstekend. Hierdie tyd van die dag is daar ook geen stappers, ruiters of bergfietsryers meer te siene nie.

Brian weet wat hy doen.

Ralf druk met benerige vingers aan sy energiedrankie, die blikkie knak.

“Oukei,” is al wat hy sê.

Langs hom buig Brian vorentoe. Hy het ervare 'n twintig-euronoot opgerol en maak nou snuifgeluide.

Ralf kan nie daarna kyk nie. Konsentreer eerder op die digitale horlosie op die paneelbord – 19:40. Hy kan die gemors wat Brian snuif nie vat nie. Dit doen iets aan hoe hy is. Aanvanklik het Brian die goed net af en toe oor naweke gesnuif, maar dees-

dae vat hy kort-kort van die stront. Hy raak verslaaf daaraan, as hy nie reeds is nie.

“En wat maak ons as die polisie nou hier aankom? Wat sê ons vir hulle?”

Brian lig sy kop en vryf sy neus. “Hulle sal nie.”

Ralf bly liewer stil, druk net weer aan die blikkie.

*Knak.*

“Bang, bro?”

“Ek? Natuurlik nie.” Ralf kan dit nie meer vat dat sy stem so bewe nie; die flouerigheid wat oor hom kom van die rillings wat deur sy lyf trek, sy vinnige asemhaling. Hoe harder hy sy vrees probeer wegsteek, hoe sigbaarder word dit. In sulke oomblikke is die verskille tussen hom en Brian pynlik duidelik. Brian is in staat tot enigiets en hy kom weg daarmee – behalwe laas keer toe sy rybewys opgeskort is omdat hy dronk agter die stuur gevang is. Brian het al drie maande in die tronk gesit. Van die ouens daar het hom ’n ding of twee geleer.

“Hier, vat jy ook ’n bietjie hiervan, jou banggat.” Brian druk die opgevoude papiertjie in sy rigting. Sy oë blink – twee donker gate onder die skadu van sy pet se rand.

Ralf kyk net stuurs voor hom uit. “Ek het nie daardie stront nodig nie.”

“Nes jy wil.”

“Ek moet nog bestuur, onthou?”

“Sure.”

Brian bêre die pakkie in sy agtersak en maak die paneelkissie oop. ’n Flou liggie skyn in die kar. Hy haal ’n pistool uit en maak die klappie dadelik weer toe.

Ralf herken die wapen. Dowwe metaal, vol krapmerke. Dit lyk bedrieglik eg en voel ook so, maar dit is nie. In stede van dodelike koeëls, is daar ’n gaspatroon in die magasyn. Die ding vuur koeëltjies so groot soos windbukspatrone af, en daarmee kan jy niemand doodmaak nie.

Hy sien hoe Brian die wapen in sy hand weeg en skud die

rilling van hom af. Of die wapen nou eg is of nie, dit is anders as enigiets wat hulle al ooit tevore gedoen het. Wat as hulle besig is om te ver te gaan? Daar is 'n verskil tussen wat hulle al saam aangevang het en wat nou aan die gang is.

## 8

Helen staan by die kombuiseiland met haar sportsak oor haar skouer en kyk na Werner. Hy sit by die kombuistafel, heeltemal verdiep in die koerant. Daar is 'n frons tussen sy wenkbroue. Sy sagte rooi krulhare blink in die kombuislig. In teenstelling met baie ander mans, het hy deur die jare heen aansienliker geword. Interessanter, meer volwasse en nog net so fiks soos toe hulle mekaar pas ontmoet het – die afgelope lente was dit negentien jaar gelede.

Sy speel met die idee om nie te gaan oefen nie. Thom en Emma het gaan tennis speel; dus het sy en Werner die huis vir die volgende paar uur net vir hulleself. Dit is iets wat nie dikwels gebeur nie. As sy by die huis bly, laat sy egter vir Arianne in die steek, en dit is iets wat haar dwars in die krop steek.

Buitendien is daar 'n goeie kans dat Werner binnekort weer teruggeroep sal word werk toe, soos gewoonlik op 'n Vrydag. Sy het lankal opgehou om haar daaroor te vervies.

Helen tel haar telefoon van die kombuiseiland af op en kyk na die skerm. Geen reaksie op haar boodskappe nie.

“Werner? Emma sê Sara wil môre 'n tatoe kry.”

“Dit is totaal buite die kwessie.”

“Ek dink ook so. Maar sy slaap vanaand by Jackie en ek kan heeldag al nie een van die twee in die hande kry nie.”

Hy kyk van sy koerant af op. “Ek sal dit onder geen omstandighede toelaat nie.” Hy klink beskuldigend en vir haar lyk dit of hy haar ook so aankyk.

“Wat kan ek daaraan doen?”

Hy wys na haar arm. “As dit nie vir daardie impulsiewe optrede van jou was nie, sou die idee in die eerste plek nooit by haar opgekom het nie. Ek het haar nog nooit van ’n tatoe hoor praat nie.”

Sy voel hoe die opstand in haar opstu. “Werner, ek is veertig.”

“Bullshit! Jy behoort ’n voorbeeld vir jou kinders te stel.”

Sy probeer kalm bly; knik net in die rigting van sy glas. “En jy dan? Met jou biere? Stel jy miskien ’n voorbeeld?” Haar stem klink skerp.

Werner skud sy kop en vou sy koerant op. “Ek is nie lus om te argumenteer nie, Helen. Gaan gerus gim toe. Ek sal ook vir Sara op die foon in die hande probeer kry.”

“Maar as ...”

“Ons kan altyd later by Jackie ’n draai gaan maak as dit nodig is.”

*Ons ...*

*Later?*

Hy staan op en stap na haar toe. Met sy lang vingers druk hy ’n stringetjie weerbarstige blonde hare agter haar oor in. Plant ’n soen op haar voorkop.

“Maak seker jy is betyds terug.”

“Hoekom?”

“Dit is ’n verrassing.” Hy lig sy wenkbroue. “Wat ek jou wel sal sê, is dat dit dalk iets te doen het met jou gunstelingakteur, sy nuutste projek en ’n bespreking vir twee.”

Sy grinnik. “Sjoe, dit is nie veel inligting nie.”

“Natuurlik nie. Anders is dit mos nie ’n verrassing nie.” Hy kyk geamuseerd na haar.

“En die kinders?”

“Daardie twee sal nie die huis afbreek nie en hulle kan ons buitendien in die hande kry net wanneer hulle wil. En ná daardie verrassing ...” hy soen haar wang, haar oor, “... het ek nog ’n ver-



rassing vir jou. 'n Baie grote ...” Hy trek haar heupe na hom toe. Sy mond vorm 'n glimlag, maar dit bereik nie sy oë nie.

Dit verwar haar 'n bietjie.

“Kan jy nog onthou toe ons mekaar pas leer ken het?” fluis-ter hy. “Jy het nog by jou ma gebly en ek in daardie kamer in Rotterdam. Ek het van macaroni en tamatiesous geëet en het nie 'n pennie gehad om jou vir ete uit te neem nie.”

Sy knik. Dit kan sy nog goed onthou, maar dit voel soos fragmente uit die lewe van 'n ander paartjie.

“Toe ons besluit het om saam te woon het ons niks gehad nie, maar ons het skatryk gevoel omdat ons net mekaar nodig gehad het.” Hy streel haar skouers.

“Raai wat is die goeie nuus?”

“Laat ek hoor.”

“Ons het mekaar nog steeds. Ek het die afgelope tyd te min nagedink oor hoe spesiaal dit is.” Hy soen haar sag op haar mond.

Sy streel oor die growwe materiaal van sy hemp. Snuif Werner se geur in asof sy dit vir die eerste keer ontdek. Hoe lank terug is dit dat hulle so naby mekaar gestaan en regtig kontak met mekaar gemaak het? Hulle gesprekke draai altyd om die kinders. Skool. Werk. Die huishouding.

“Ek mis dit soms.” Emosie slaan in haar stem deur.

“Wat?”

“Ons.”

Hy vat haar aan haar ken en druk weer 'n soen op haar mond, toe op haar neus.

“Sal ek vir Arianne bel en ons oefening kanselleer?”

Hy laat haar gaan. “Tuurlik nie. Gaan werk daardie mooi lyf van jou in 'n behoorlike sweet in. Ek sien jou later.”

“Maar ...”

“Sara is my verantwoordelikheid.”

“Is jy seker?”

“Dit sal oukei wees. Gaan nou gim toe.”

## 9

Ralf kyk na sy vriend, wat sy pet afgehaal en 'n balaklawwa opgesit het. Al wat jy kan sien, is sy glinsterende bruin oë en 'n stuk van sy mond.

Ralf het ook reeds sy balaklawwa oor sy kop getrek. Die ding kielie hom en ruik nuut. Hy volg Brian se blik na die huis. Die agtererf is donker; net die swembad gooi 'n sagte lig.

Hulle het die twee kinders met hulle fietse sien wegry. Kort daarna het die ma ook uit die huis gekom en in haar Fiat weggery.

“Sê nou daar is nog mense in die huis?”

“Daar is nie,” sê Brian. “Net die dude. En die geld.”

“Hoe kan jy so seker wees?”

“Los jy maar die dinkwerk vir my.”

Ralf se foon begin in sy sak lui. Hy pluk dit uit soos iets wat aan die brand is. Sy ma se gesig wys op die skermpie. Sonder om te antwoord druk hy die foon dood en sit die klank af.

“Sy het uitgevind ek is nie by die huis nie. Dit gaan nou weer 'n drama op sy eie afgee.”

“Kom slaap vanaand by my plek oor. Ons gaan in elk geval netnou iets hê om te vier. Ek sal 'n paar girls bel en ...”

“En wat van Naomi?”

“Wat sy nie kan sien of van weet nie, kan haar nie seermaak nie.”

Ralf probeer met sy hand deur sy hare kam, maar sy bewende vingers grawe net in die balaklawwa. Hy moet vasbyt om die ding nie van sy kop af te ruk nie. Dit voel vir hom asof die balaklawwa al stywer en stywer om sy kop span. Hom versmoor.

Brian stamp Ralf in sy sy. “Hou op stres. Al wat jy hoef te doen is 'n ogie oor die spulletjie hou.”

“Wat laat jou dink die dude gaan doen wat jy sê?”

Brian steek sy arm uit. Die wapen se loop wys na Ralf. “Ek sal net eenvoudig na sy kop mik.”

“Ja, maar daardie ding is nie ’n regte wapen nie. Wat as hy terugskiet?”

“Maak jy ’n grap, of wat?” Brian draai die wapen om en om in sy hand. Die metaal glim in die maanlig.

Ralf kan nie help om op te merk Brian haal baie vinnig asem nie. Die verdomde drugs! Die Brian wat aanvanklik sy vriend was, bestaan nie meer nie en nou sit hy met ’n junky wat reken hy is moerske slim en niemand kan hom uithaal nie.

Ralf drink die laaste bietjie van sy Red Bull en gooi die blikkie in ’n boks op die agtersitplek. Hy kan ’n vuil kar nie vat nie. Die Polo is sy alles. Sy vryheid. Die kar vat hom oral heen – Duitsland, Amsterdam, net waar hy wil wees. Maar met elke tenk vol is sy geld op, om nie te praat van die belasting, versekering en repairs nie ...

Vryheid kom teen ’n prys; dit is nie goedkoop nie.

Dit is hoekom hy hier sit.

“Oukei, luister, dude.” Brian kry Ralf aan sy jas beet, sy hande in vuiste gebal. Hy druk sy gesig byna teen Ralf s’n. “Kyk vir my.” Hy skud Ralf liggies. “Die mense wat in daardie huis bly, is stinkryk, en dis nie lank nie of daardie geld is ons s’n. Oukei? Fok hulle. Sê dit, Ralf, sê dit.”

“Fok hulle ...”

“Exactly.” Brian klap hom liggies op sy wang. “Sien dit so: Ons gaan net ’n bietjie geld trek.”

## 10

Helen klem die handvatsels van die oefenapparaat stywer vas en druk hulle vorentoe. Vier, vyf. Haar persoonlike afrigter het vir haar gesê sy moet aanhou asemhaal terwyl sy hierdie oefening doen, maar dit is onmoontlik. Sy hou haar asem op en